



ALUMNI

UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

**Skenk meer,
Betaal minder**



UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

Belastingtoegewing vir individuele skenkers

Daar is nie meer veel belasting-aftrekkings beskikbaar aan individue nie. Die **afrekkings vir skenkings aan geregistreerde openbare weldaadsorganisasies (OWO's)** en ander kwalifiserende instansies is egter steeds beskikbaar, hetsy die individu in eie of ander se diens staan.

Die bedrag van die aftrekking het 'n **bo-perk van 10% van belasbare inkomste**, wat 'n redelike groot belastingbesparing kan beteken. Voorheen sou enige oorskryding (die bedrag van die skenking wat 10% van belasbare inkomste oorskry) vir altyd as belastingaftrekking verlore gewees het, maar onlangse wysigings laat nou toe dat hierdie oorskryding ook in daaropvolgende jare afgetrek kan word. Die oorskryding van enige skenking wat gemaak is in die belastingjaar van aanslag wat op of na 1 Maart 2014 'n aanvang neem, sal toegelaat word om na die volgende jaar van aanslag oorgedra te word en sal die volgende jaar weer aan 'n bo-perk van **10% van belasbare inkomste onderhewig wees**. **Voortaan sal die oorskryding dus nie soos in die verlede permanent as belastingaftrekking verlore wees nie, wat vanuit 'n belastingaftrekkingsperspektief beslis 'n positiewe wysiging ten gunste van skenkers is.**

Voorbeeld:

Die volgende voorbeeld uit die Verduidelikende Memorandum oor die Wysigingswet op Belastingwette van 2013 illustreer die oordragbehandeling van enige skenking wat gemaak is in die belastingjaar van aanslag wat op of na 1 Maart 2014 'n aanvang neem:

Jaar 1:	
Belasbare inkomste	R1 miljoen
Toelaatbare skenking as 'n aftrekking (R1 miljoen x 10%)	R100 000
Werklike skenkings gemaak	R150 000
Aftrekking geëis	R100 000
Oorskrydingsbedrag nie as aftrekking toegelaat nie. Hierdie bedrag sal toegelaat word om na jaar 2 (volgende jaar van aanslag) oorgedra te word	R50 000

Jaar 2:	
Belasbare inkomste	R1.5miljoen
Toelaatbare skenking as 'n aftrekking (R1.5miljoen x 10%)	R150 000
Werklike skenkings gemaak	R0
Oorskrydingsbedrag oorgedra van jaar 1 nou toegelaat as aftrekking. Die volle bedrag kan afgetrek word aangesien dit nie die toelaatbare skenking van R150 000 oorskry nie.	R50 000

So, wat is die vereistes?

1. Daar moet 'n bona fide skenking wees. 'n Skenking is in wese dieselfde as 'n geskenk of 'vrywillige aanbod',

wat beteken dat daar geen quid pro quo mag wees nie: niks kan in ruil vermag word nie. **Byvoorbeeld, indien 'n kontantbetaling aan 'n skool of tersiêre instansie gemaak word met die verwagting dat die instansie, in ruil, 'n plek of weliswaar opvoeding vir die skenker se kind sal gee, is dit nie 'n skenking nie en sal die betaling nie vir belastingaftrekking kwalifiseer nie.** 'n Geskenk of skenking sonder enige voorwaardes daaraan verbonde is wat die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) soek.

2. Die skenking kan kontant of in goedere wees. 'n Individue kan 'n kontantskenking aan 'n kwalifiserende openbare weldaadsorganisasie (OWO) of instansie maak, in welke geval die aftrekking die kontantbedrag sal wees wat werklik geskenk is **met 'n bo-perk van 10% van belasbare inkomste (met die toelating dat enige oorskrydingsbedrag oorgedra** kan word vir enige skenking wat gemaak is in die belastingjaar van aanslag wat op of na 1 Maart 2014 'n aanvang neem). Ook ingesluit by die omvang van die aftrekking is skenkings van bates (skenking in goedere), wat byvoorbeeld 'n skenking van voedsel, klere, meubels of selfs 'n hele huis kan insluit. Indien 'n bate geskenk word, is die bedrag wat afgetrek kan word gewoonlik die laagste van die koste of markwaarde van die bate op die datum van die skenking, met spesifieke waardasiereëls wat geld vir bates wat voorheen deel van die skenker se handelsvoorraad uitgemaak het en ander bates wat vir belastingkwytskelding gekwalifiseer het.

3. Die skenking moes gemaak gewees het aan 'n kwalifiserende instansie of OWO, wat op sy beurt bedrywig is met werksaamhede wat in Deel II van die Negende Bylae gelys word. Die lys kwalifiserende werksaamhede word aan die einde van hierdie artikel verskaf, maar dit is belangrik om daarop te let dat nie alle skenkings aan OWO's gedek word nie. Die aftrekking is slegs beskikbaar vir skenkings wat gemaak is aan kwalifiserende instansies en OWO's wat met een of meer van die gespesifiseerde werksaamhede bedrywig is.

4. Die begiftigde moes die skenker van 'n 18A-sertifikaat voorsien het. Hierdie sertifikaat is in wese 'n bewys waarin die volgende inligting uiteengesit word:

- Die OWO-registrasienommer van die begiftigde;
- Die datum waarop die begiftigde die skenking ontvang het;
- Die naam en adres van die begiftigde;
- Die naam en adres van die skenker;
- Die bedrag van die skenking of die soort skenking indien dit nie 'n kontantskenking is nie; en
- Sertifisering dat die bewys uitgereik is vir die doeleindes van artikel 18A van die Wet op Inkomstebelasting en dat die skenking uitsluitlik vir die oogmerke of vereiste werksaamhede van die begiftigde gebruik sal word.

As aan al die vereistes voldoen word, en met die vereiste artikel 18A-sertifikaat, moet die belastingbetaler dan die aftrekking op sy of haar belastingopgawe eis. Die oorspronklike sertifikaat moet op 'n

veilige plek bewaar word en aan SAID beskikbaar gestel word indien hulle so versoek.

Algemene Vrae

Hoe maak ek 'n skenking? Wie kontak ek? Waarheen stuur ek my tjek?

Kontak die Afdeling Ontwikkeling en Alumni-verhoudinge by +27 21 808 3893 of via e-pos by alumni@sun.ac.za om 'n skenkingsvorm aan te vra. Wanneer u die vorm ingevul het en die betaling gemaak het (bankbesonderhede sal verskaf word), stuur asseblief die vorm vir verwysingsdoeleindes via pos, faks of e-pos aan die Universiteit Stellenbosch: Privaat Sak XI, Matieland 7602, faks: 086 569 5372 of e-pos: jhs1@sun.ac.za

Waarheen moet my skenking gaan?

Elke skenking tel! Besoek Alumni-verhoudinge se webtuiste by www.sun.ac.za/alumni vir 'n uiteensetting van die verskillende skenkingsopsies en kies 'n Universiteitsprojek wat u na aan die hart lê.

Wie kontak ek om 'n groot skenkingsgeleentheid te bespreek?

Kontak Sidney van Heerden, Koördineerder: Individuele skenkings, by +27 21 808 2941 of via e-pos by svheerd@sun.ac.za.

Wie kontak ek vir verdere inligting?

Kontak die Afdeling Ontwikkeling en Alumni-verhoudinge by +27 21 808 9351 of via e-pos by alumni@sun.ac.za.

Boedelbelasting toegewing vir individuele skenkers

Die waarde van die afgestorwene se boedel (en dus die omvang van die boedelbelastingaanspreeklikheid) kan verminder word met die waarde van enige erfplasing aan 'n OWO (soos Stellenbosch Universiteit) (artikel 4(h) van die Wet op Boedelbelasting). So, hierdie bepaling kan moontlik meer voordelig wees as die aftrekking se bo-perk gestel is op 10% van belasbare inkomste (die een ingevolge artikel 18A van die Wet op Inkomstebelasting soos hierbo genoem), aangesien geen 10%-perk in die geval van boedelbelasting geld nie.

Het u geweet dat as u die Universiteit Stellenbosch die alleenerfgenaar van die restant van u boedel maak, kan dit beteken dat minder boedelbelasting betaalbaar sal wees?

Testament I

Johan het 'n boedel met 'n netto batewaarde van R4.5m. Die boedel gaan soos volg op Johan se begunstigdes oor:

- R3.5m word aan sy kinders bemaak
- Die restant word aan sy broer bemaak

Testament 2

Johan het 'n boedel met 'n netto

batewaarde van R4.5m. Die boedel gaan soos volg op Johan se begunstigdes oor:

- R3.5m word aan sy kinders bemaak
- R800 000 word aan sy broer bemaak
- Die restant word aan die Universiteit Stellenbosch bemaak (beurse vir behoeftige studente)

Hierdie scenario's word hieronder bespreek:

Erfiating ingevolge testament

	Testament 1	Testament 2
Kinders	R3 500 000	R3 500 000
Broer	R1 000 000	R800 000
Die US (wat restant ontvang)	-	(R200 000)
Netto bates	R4 500 000	R4 500 000

Berekening van boedelbelasting

	Testament 1	Testament 2
Netto bates	R4 500 000	R4 500 000
Aftrekking (artikel 4(h))	-	(R200 000)
Netto waarde van boedel	R4 500 000	R4 300 000
Artikel 4A-korting	(R3 500 000)	(R3 500 000)
Belasbare bedrag	R1 000 000	R800 000
Boedelbelasting teen 20% van belasbare bedrag	R200 000	R160 000

Op grond van hierdie voorbeeld sal die struktuur van Testament 2 'n besparing van 20% in boedelbelasting tot gevolg hê in vergelyking met Testament 1. Die verdeling onder begunstigdes sal dan soos volg daar uitsien:

	Testament 1	Testament 2
Kinders	R3 500 000	R3 500 000
Broer	R800 000	R800 000
Die US (restant na boedelbelasting: R200 000 – R160 000)	-	R40 000

Algemene Vrae

Hoekom moet ek 'n testament hê?

Indien u 16 jaar en ouer is en sonder 'n testament (intestaat) doodgaan, verbeur u die geleentheid om te besluit wat van u besittings gaan word. Die staat sal besluit wat met u bates sal gebeur en hoe u besittings verdeel sal word. U boedel sal ook langer neem om af te handel en sal moontlik 'n groter belastingaanspreeklikheid hê.

Hoe stel ek 'n testament op?

U moet 'n professionele persoon, 'n prokureur, rekeningkundige of 'n trustmaatskappy raadpleeg om 'n behoorlik bewoorde testament op te stel. Die koste van professionele hulp is gewoonlik relatief min en dit kan selfs gratis wees indien u die bank of professionele persoon as eksekuteur van u boedel benoem. Onthou om u testament gereeld te hersien sodat dit met groot lewensgebeure soos geboortes en egskedings tred hou.

Wat behels 'n erflating aan die US?

'n Erflating is 'n spesifieke bepaling in u testament wat sommige van die bates in u boedel aan die universiteit toewys. Die voordeel van hierdie soort geskenk is dat u nie in u leeftyd 'n uitgawe aangaan nie en dat u in u leeftyd die gebruik van u bates sal hê.

Wat is die voordele van 'n erflating aan die US?

- U het die gebruik van u bates in u leeftyd
- U kan 'n sinvolle geskenk aan die US verpersoonlik
- 'n Erflating aan die US is vrygestel van boedelbelasting en verminder dus u boedel se potensiele boedelbelastingaanspreeklikheid
- Deur lidmaatskap van die Erflatersgilde sal u geskenk in u leeftyd gepas erken word.
- U geskenk sal vir dekades die lewens van studente aan die US verander.

Wat as ek reeds 'n testament het en die US as 'n begunstigde wil byvoeg?

U voeg bloot 'n kodusil (wat 'n aanhangsel is) by u bestaande testament. Die kodusil moet onderteken wees deur die testateur en twee getuies wat nie voordeel uit u testament of die kodusil kan trek nie.

Wie kontak ek vir meer inligting?

Kontak Hugo Steyn, Koördineerder: Erflatings, by +27 21 808 3615 of via e-pos by hugos@sun.ac.za

'n Spesiale woord van dank aan Carel Cornelissen, B Proc, LL.M (Corp Law), Adv Cert Tax, 'n senior konsultant (internasionale en korporatiewe belasting) by KPMG en outeur van die artikel "Estate Duty – Paying less by giving more", gepubliseer in *Accountancy SA* (2009).